PROVINSIALE ADMINISTRASIE VAN DIE

KAAP DIE GOEIE HOOP.

DEPARTEMENT VAN OPENBARE ONDERWYS.

Provinsiale Gebou,

Waalstraat,

KAAPSTAD.

Verw. no.
L.Z. 3/34.

17 Julie 1957.

SKOOLBOERDERYE BY KOSHUISE WAT DEPARTEMENT IN STAND HOU.

Meneer,

Na aanleiding van u brief van 8 Julie, moet ek u meedeel dat die meeste koshuise in die Kaapprovinsie vir rekening van 'n persoon, genootskap van persone, koshuiskomitee of kerkowerheid bestuur word. Die inrigtings ontvang ondersteuning van die Administrasie by wyse van huurtoelaes ten opsigte van geboue en hoofdelike toelaes ten opsigte van die onderhoud van behoeftige kinders.

In die geval van die koshuise wat deur die Departement in stand gehou word, is 'n skoolboerdery by slegs drie hoër landbouskole betrokke. Hierdie skole moet jaarliks 'n begroting indien van hul beraamde inkomste en uitgawe. Die begrotings sluit ook die koshuise in. Die begrotings word met sulke wysigings wat nodig geag word, aan die Provinsiale Raad vir goedkeuring voorgelê. Die prinsipale word van die goedgekeurde begrotings verwittig en uitgawes by die inrigtings mag slegs binne die perke van die goedgekeurde begrotings aangegaan word.

Die opbrings uit die boerderye by die skole asook oortollige lewende hawe moet deur die prinsipale van die skole teen die voordeligste prys van die hand gesit word, met dien verstande dat verkope teen heersende markpryse geskied en so ver moontlik op die ope mark of deur middel van publieke veilings. Behoorlike opgawes van alle verkope moet aan die Provinsiale Rekenmeester verstrek word en die opbrings uit verkope moet in die Provinsiale Inkomstefonds inbetaal word. Die verkoop van surplus produkte aan lede van die personeel vir hulle eie gebruik word toegelaat teen pryse wat die Departement na oorlegpleging met die Departement van Landbou, vasstel.

Voordat enige produkte of lewende hawe van die hand gesit word moet eers in die behoeftes van die koshuis wat aan die skool verbonde is, voorsien word. Afsonderlike finansiële state van inkomste en uitgawe van die koshuis moet aan die Departement verstrek word sodat die wins of verlies van die koshuis bepaal kan word en die losiesgelde betaalbaar, indien nodig, hersien kan word. Die opbrings van die skool waarvan die koshuis gebruik maak, moet as 'n uitgawe in die finansiële staat in berekening gebring word en in hierdie verband moet die tariewe wat die Departement neerlê ten opsigte van verkope aan personeel, toegepas word. Die prinsipale hou volledige aantekeninge van alle produkte en vleis wat deur die skool aan die koshuis verskaf word.

Dienswillig die uwe,

(W.G.) S. K. LOTZ.
WAARN. SEKRETARIS.

Mnr. C. v.d. Walt,
Posbus 15,
MORGENZON.

PROVINSIE ORANJE VRYSTAAT.

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS,

BLOEMFONTEIN.

Verw. nr.
Z 132.

26 Julie 1957.

Mnr. C. v.d. Walt,
Posbus 15,
MORGENZON.

Waarde Heer,

Met verwysing na u brief van 8 Julie 1957 in verband met boerdery by Koshuise, wens ek u mee te deel dat die meerderheid van Skoolkoshuise in hierdie Provinsie aan Kerklike Liggame of Munisipaliteite behoort en die klein aantal Koshuise wat aan die Administrasie behoort staan ook onder beheer van Kerklike Liggame en by die koshuise bestaan geen boerderybedrywighede nie.

Verder is daar seuns koshuise by die twee Landbouskole in die Provinsie en by hierdie skole bestaan boerderye vir die doel van praktiese onderrig van die leerlinge en dien dit ook om die Inrigtings tot 'n mate selfonderhoudend te maak. Produkte, hoenders en slagvee word derhalwe teen heersende markpryse aan die Koshuise verkoop en wat daarna surplus mag wees word per publieke veiling verkoop. Hier geld dit hoofsaaklik skape, beeste en varke.

Sodanige surplusse is egter meer die uitsondering as die reël.

(W.G.) G. J. HAASBROEK.

SEKRETARIS VAN ONDERWYS.

PROVINSIE ORANJE VRYSTAAT.

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS,

BLOEMFONTEIN.

Verw. nr.
Z 678.

6 Augustus 1957.

Mnr. C. v.d. Walt,
Posbus 15,
MORGENZON.

Waarde Heer,

Met verwysing na die navraag in u skrywe van 29 Julie 1957 vervat, wens ek u mee te deel dat die opbrengste van die produkte ens. wat verkoop word, in die Provinsiale Inkomstefonds gestort word.

In die jaarlikse Provinsiale Begroting word wel 'n beraming van die verwagte inkomste van elke Inrigting gegee, maar wat die werklike inkomste betref word slegs die globale bedrag uit alle bronne onder Onderwys aangetoon.

Die uwe,

(W.G.) G. J. HAASBROEK

SEKRETARIS VAN

ONDERWYS.

NATAL ONDERWYSDEPARTEMENT.

Posbus 395,

PIETERMARITZBURG.

13 Julie 1957.

Mnr. C. van der Walt,
Posbus 15,
MORGENZON, Transvaal.

Geagte mnr. van der Walt,

In antwoord op u skrywe van 8 Julie 1957 verstrek ek graag die volgende inligting:

1. In ons Natalse skole word een van twee skemas vir landbou-onderwys toegelaat.

(a) Volgens die gewone skema word benodigdhede soos gereedskap, kunsmis en saad deur die Departement aan skole verskaf. Prinsipale rekwireer daarom en, na goedkeuring deur die Departement, word die benodigdhede bestel. Enige inkomste wat verkry word as gevolg van die verkoop van produkte word inbetaal op die rekening van die Provinsiale Administrasie.

(b) Selfonderhoudende landbouskemas. Die volgende aanhaling uit Hoofstuk IV Afdeling 11 in die Skoolhandboek het betrekking op hierdie stelsel.

„11. - Selfonderhoudende landbouskemas.

Die hoofde van skole, wat wil deelneem aan die selfonderhoudende landbouskemas wat hieronder breedvoerig verduidelik word, moet by die Direkteur van Onderwys aansoek doen.

Die departement sal die begintoerusting, soos tuinmaakgereedskap, kunsmis en saad, verskaf. Plaasmasjinerie en diere, wat vir hierdie tipe landbou onnodig geag word, sal egter nie verskaf word nie. Van die skole, wat aan hierdie skema meedoen, word verwag om die saad en kunsmis vir verdere bedrywighede daarna uit die opbrengs aan te skaf, maar waar die indiensneming van ŉ tuinjong goedgekeur is, sal die departement aanhou om sy loon te betaal. Surplusfondse kan dan aangewend word vir verdere uitbreiding of vir ander skemas wat deur die Direkteur goedgekeur is. In die geval van swak oeste of ŉ ander grondige rede sal die departement verdere ondersteuning gunstig oorweeg.

Een van die voorwaardes verbonde aan die skema is dat op eenvoudige wyse van inkomste en uitgawes boekgehou en elke kwartaal ŉ opgawe voorgelê word. Die boeke moet altyd vir die wyksinspekteur toeganklik wees en hy sal sertifiseer of die kontant voorhande korrek is. Alle kontant moet in ŉ bank of Posspaarbank of in die skool se brandkas gehou word; onder geen omstandighede mag ŉ onderwyser kontant by hom of in ŉ laai of houtlessenaar of kas in die skool hou nie.

Skole wat aan die selfonderhoudende skema meedoen, sal nie kosteloos van tuingereedskap uit provinsiale

magasyne/..

magasyne voorsien word nie, maar sulke gereedskap kan desverkiesend deur middel van hierdie bron aangekoop word. Aanvraag moet op die wit vorm gedoen word en die bedrag van die bestelling moet ingesluit word. Saad en kunsmis kan nog steeds van goewermentskontrakteurs teen goewermentskontrakpryse gekoop word. Wanneer aankoop deur middel van hierdie bron geskied, moet aanvraag op die geel vorm gedoen word; na ontvangs van die goedere moet 'n amptelike bestelling om vereffening aan die Provinsiale Rekenmeester deurgestuur en die bedrag van die bestelling ingesluit word. Die bestelling moet geëndosseer word „Landbou kragtens die selfonderhoudende skema." Waar goedere per spoor versend moet word, moet 'n spoorwegorder uitgereik word.

Hoofde, wat aan hierdie skema wil meedoen, moet meld watter verdere toerusting, kunsmis en saad nodig sal wees om hulle vir die skema toe te rus. Die geld, wat nodig is om met die skema 'n aanvang te maak, sal voorgeskiet word."

2. Waar koshuise aan skole wat landbou-onderwys beoefen verbond is, word hulle gedurende die skoolkwartale van produkte voorsien, maar hulle behoeftes word slegs gedeeltelik hierdeur bevredig. In sulke gevalle is daar geen direkte kontantontvangste nie en word rekenskap deur middel van boekinskrywings gedoen.

   Gedurende skoolvakansies word die produkte gewoonlik aan personeellede verkoop en die kontant-ontvangste as Provinsia Administrasie inkomste gestort.

3. In die Mooi Rivier Landbou-Hoërskool word landbou-onderwys op die 5000 acres-plaas op baie groter skaal beoefen. Hier word die produkte en vee deur die Natalse Onderwysdepartement van die hand gesit en alle inkomste op rekening van die Provinsiale Administrasie gestort. Melk word aan die National Co-Operative Dairies verkoop.

4. Uitbetalings by alle skole (behalwe dié wat onder die selfonderhoudende skema resorteer) moet eers deur die Natalse Onderwysdepartement gemagtig word.

5. Die boekhoustelsels word nie deur regulasies neergelê nie, maar alle boeke is toeganklik vir gemagtigde amptenare van die Natalse Onderwysdepartement.

Die uwe,

(W.G.) E. STUMPF.
INSPEKTEUR VAN SKOLE.

E.S.11A/615/3.

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT.

Posbus 432,

PRETORIA.

16 Januarie 1956.

Die Superintendent,
Morgenzon Provinsiale Koshuis,
Posbus 15,
MORGENZON. Tvl.

VERSKAFFING VAN PLAASPRODUKTE AAN KOSHUISE

EN PERSONEELLEDE.

Waar koshuise oor boerderyafdelings beskik en plaasprodukte aan koshuise of personeellede verskaf word moet die volgende tariewe vanaf 1 Januarie 1956 gehef word vir plaasprodukte wat verskaf word:-

A. Verskaffing van Groente, Vrugte, Vleis, ens. aan Koshuise.

(i) Alle groente teen 3d. per lb.
Sagte vrugte teen 3d. per lb.
Sitrus vrugte teen 2d. per lb.

(ii) Vleis (bees) teen 1/3 per lb.
Vleis (vark) teen 1/6 per lb.
Vleis (skaap) teen 2/- per lb.
Vleis (pluimvee) teen 2/- per lb.

(iii) Eiers 2/6 per dosyn.
Melk 2/9 per gallon.
Botter 3/- per lb.

(iv) Groen mielies teen 1/- per dosyn.

B. Pryse waarteen produkte, vleis, ens. vir eie gebruik aan onderwysers wat gemoeid is met die praktiese landbou aan Hoër Skole wat praktiewe landbou as vak aanbied, bereken moet word

(i) Alle groente teen 1½d. per lb.
Sagte vrugte teen 1½d. per lb.
Sitrus vrugte teen 1½d. per lb.

(ii) Vleis (bees) teen 1/- per lb.
Vleis (vark) teen 1/3 per lb.
Vleis (skaap) teen 1/6 per lb.
Vleis (pluimvee) teen 1/6 per lb.

(iii) Eiers 2/- per dosyn.
Melk 2/- per gallon.
Botter 2/6 per lb.

(iv) Groen mielies teen 1/- per dosyn.

C. Aan onderwysers wat nie gemoeid is met die praktiese landbou by Hoër Skole nie en wat nie praktiese landbou as vak aanbied nie en onderwysers by Sentrale skole waar boerdery deur die koshuise verbonde aan sodanige skole onderneem word, mag produkte, vleis, ens. vir eie gebruik teen die pryse waarteen dit aan die koshuis verskaf word, verkoop word.

Genoemde pryse geld slegs waar koshuise self groente, vrugte ens. produseer en waar koshuise self slag.

Waar/...

Waar koshuise groente, vrugte, eiers, vleis, ens. aankoop moet die werklike koste in berekening gebring word.

(W.G.) N. KRUGER.

namens DIREKTEUR VAN ONDERWYS.

## BIBLIOGRAFIE.

BOEKE:

1. Bot, A. K.: Die Ontwikkeling van Onderwys in Transvaal, 1900-1937. (Transvaalse Onderwysdepartement, 1951).
2. Gladden, E. N.: The Essentials of Public Administration. (Staples Press Inc., 1953).

PROEFSKRIFTE:

1. Botha, C. J.: Die Sentralisasie van Plattelandse Onderwys in Transvaal, 1900-1937; (1940).

PAMFLETTE VAN DIE TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT:

1. Handboek van Instruksies vir die leiding van Hoofde van Skole (1956/57).
2. Handboek van Regulasies en Reëls i.v.m. Provinsiale Koshuise.
3. Leerplanne vir die Middelbare Skool.
4. Organisasie en Funksies van die Departement (1956).
5. Skoolkomitees en hul Funksies met 'n hoofstuk oor Koshuiskomitees.

ARTIKELS:

1. Ferreira, R. S.: Die Transvaalse Skoolplaasstelsel. Die Huisgenoot. Deel XXVI, nr. 1009, 25 Julie 1941; nr. 1010, 1 Augustus 1941; nr. 1011, 8 Augustus 1941.
2. Kotzee, A. L.: Beplanning in die Onderwys met spesiale verwysing na die verdeelde beheer. Onderwysbulletin van die Transvaalse Onderwysdepartement. Vol. II, nr. I (Maart 1957).
3. Somervell, Brehon: Management. Public Administration Review. Vol. IV, Autumn 1944, No. 4.
4. Van Wyk, S. P.: Boer vorentoe met behulp van Boerderyrekords. Boerdery in Suid-Afrika, deel 33, nr. 4 (Julie 1957).

VERSLAE:

1. Van die Provinsiale Ouditeur vir die boekjare 1935/36 tot en met 1954/55.
2. Van die Provinsiale Onderwyskommissie (Voorsitter: W. Nicol).
3. Van die Komitee insake Landbou-onderwys (Voorsitter: A. A. van Wyk).
4. Van die Komitee insake Landboukundige Bedrywighede en Voedingstoestande by Sentrale Skole (Voorsitter: J. de Klerk).
5. Van die openingsrede by die Bethalse Landboutentoonstelling. Die Vaderland, 27 Maart 1957.

OMSENDBRIEWE VAN DIE TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT.

Algemene Omsendbriewe:

1. Nr. 10 van 1937.
2. Nr. 3 van 1938.

Departementele Omsendbrief nr. 3 van 1951.

Afgerolde Omsendbriewe:

1. Nr. 9 van 1937.
2. Nr. E 39 gedateer 30 Maart 1938.
3. Nr. 54 van 1939 (E 29 gedateer 21 Augustus 1939).
4. Nr. 56 van 1939 (E 29 gedateer 29 Augustus 1939).
5. Nr. 68 van 1939 (E 29 gedateer 20 Oktober 1939).
6. Nr. 3 van 1940 (E 17/29 gedateer 7 Januarie 1940).
7. Nr. 32 van 1940 (E 20/39 gedateer 17 Julie 1940).
8. Nr. 46 van 1940 (E 20/39 gedateer 17 Julie 1940).
9. Nr. 83 van 1941 (E 17/30 gedateer 27 Oktober 1941).
10. Nr. 32 van 1942 (E 11/29 gedateer 16 April 1942).
11. Nr. 33 van 1942 (E 4/4/1 gedateer 21 April 1942).
12. Nr. 4 van 1944 (E 11/29 gedateer 24 Januarie 1944).
13. Nr. 50 van 1946 (E 12/26 gedateer 30 September 1946).
14. Nr. 15 van 1947 (E 29 gedateer 1 Maart 1947).
15. Nr. 60 van 1949 (E 10/5 gedateer 19 September 1949).
16. Nr. 35 van 1951.
17. Nr. 59 van 1951 (E 11/29 gedateer 10 September 1951).
18. Nr. 55 van 1956 (TE 39 gedateer 21 Augustus 1956)
19. Nr. 30 van 1957 (T.O.A. 19-1-3 gedateer 20 Maart 1957).
20. Nr. 32 van 1957 (T.O.A. 19-1 gedateer 27 Maart 1957).

ANDER:

Die Heidelbergse Kategismus.
Die „Zuid-Afrika wet".

----------oOo----------